

<https://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/verskeie-foute-glip-in-by-nios-verslag/>

Verskei foute glip in by Nios-verslag

1 Julie 2020

Tania Heyns

Die Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes (Nios) is vandeeweek op foute in sy weeklikse epidemiologieverslag gewys waarna die instituut die verslag gewysig en om verskoning gevra het.

Tog het daar nou wéér 'n fout in sy gewysigde verslag ingeglip. 'n Navorsers meen dit doen skade aan die Nios se geloofwaardigheid.

Die burgerregteorganisasie AfriForum het Maandag in 'n brief aan Nios versoek dat sy jongste weeklikse epidemiologieverslag onttrek word om foute in die betrokke verslag te wysig voordat die gewysigde verslag weer gepubliseer word.

Barend Uys, hoof van navorsing en ontwikkeling by AfriForum, verduidelik dat inligting in die aanvanklike verslag van week 25 nie ooreengestem het met berekeninge gebaseer op die verslag van week 24 nie. “So het byvoorbeeld die totale getal mense in die ouderdomsgroep 55-59 jaar oud wat positief getoets het, afgeneem van 4 479 tot 1 246 sedert die week 24-verslag, wat nie moontlik is nie,” sê hy.

Volgens Uys was daar ook foute met die getal en persentasie nuwe gevalle vir meer as die helfte van die ouderdomsgroepe waarvoor verslag gedoen is.

Uys het Woensdagoggend aan Maroela Media bevestig dat Nios om verskoning vir die foute gevra en AfriForum daarvoor bedank het dat hulle die foute uitgewys het. Nios het die organisasie daarvan verseker dat hulle poog om akkurate inligting weer te gee hoewel hulle erken het dat foute moontlik mag inglip. 'n Gewysigde verslag is toe gepubliseer.

Volgens Uys het Nios egter nóg 'n fout in die gewysigde verslag begaan. Dié keer in dieselfde tabel waar die foute aanvanklik was. AfriForum het hierdie keer egter 'n fout by die ouderdomsgroep 35 -39 opgemerk.

“Dit is 'n enkele fout by die syfer wat hulle aandui as die totale hoeveelheid. Ek kon sommer self die som maak en by die regte antwoord kom, maar dit maak 'n mens steeds ongemaklik,” sê Uys nou.

“'n Mens verstaan dat foute kan inglip, maar hulle dra 'n groot verantwoordelikheid. Hulle het tog 'n kwaliteitsbeheerproses en 'n interne hersieningsproses voordat dit gepubliseer word. Dit laat 'n mens vrae vra. As dit met my moes gebeur, sou ek die gewysigde verslag van hoek tot kant deurgaans om seker te maak dat daar geen foute in is nie voordat ek dit weer publiseer.”

AfriForum voer aan korrekte inligting is noodsaaklik vir navorsers en raadgewers om die stand van sake met betrekking tot Covid-19 te ontleed en aanbevelings te maak.

“Nios word deur belastingbetalers gefinansier, en belastingbetalers kan daarom aandrang dat dié instituut se werk van hoogstaande gehalte moet wees,” meen Uys.